kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

*Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

**Tema:** Ryk in God (2)

**Skriflesing:** Lukas 12:22-34

## Broodjies vir die pad

"What is it to be rich toward God? To understand this, imagine for a moment everything you call yours in the world as taken from you. Picture yourself abandoned and forgotten of all, in utter isolation alone with your own heart. And then ask yourself: What have I now? What do I now possess?"
— Abraham Kuyper, To Be Near Unto God

"Only the man who has had to face despair is really convinced that he needs mercy. Those who do not want mercy never seek it. It is better to find God on the threshold of despair than to risk our lives in a complacency that has never felt the need of forgiveness. A life that is without problems may literally be more hopeless than one that always verges on despair."
— Thomas Merton, No Man Is an Island

"Do anything, but let it produce joy."
— Walt Whitman, Leaves of Grass

"All beauty comes from beautiful blood and a beautiful brain. If the greatnesses are in conjunction in a man or woman it is enough...the fact will prevail through the universe...but the gaggery and gilt of a million years will not prevail. Who troubles himself about his ornaments or fluency is lost. This is what you shall so: Love the earth and sun and the animals, despise riches, give alms to every one that asks, stand up for the stupid and crazy, devote your income and labor to others, hate tyrants, argue not concerning God, have patience and indulgence toward the people, take off your hat to nothing known or unknown or to any man or number of men, go freely with powerful uneducated persons and with the young and with the mothers of families, read these leaves in the open air every season of every year of your life, re-examine all een told at school or church or in any book, dismiss whatever insults your own soul, and your very flesh shall be a great poem and have the richest fluency not only in its words but in the silent lines of its lips and face and between the lashes of your eyes and in every motion and joint of your body..."
— Walt Whitman, Leaves of Grass

"Nothing can match the treasure of common memories, of trials endured together, of quarrels and reconciliations and generous emotions. It is idle, having planted an acorn in the morning, to expect that afternoon to sit in the shade of the oak."
— Antoine de Saint-Exupéry, Wind, Sand and Stars

## ek sal sterf en na my vader gaan

ek sal sterf en na my vader gaan
Wellington toe met lang bene
blink in die lig
waar die kamers swaar en donker is
waar sterre soos seemeeue sit op die nok
en engele vir wurms spit in die tuin,
ek sal sterf en met min bagasie
in die pad val
die Wellingtonse berge oor
tussen die bome en die skemer deur
en na my vader gaan;

die son sal in die aarde klop
die wind se branders laat die voeë kraak
ons hoor die huurders
skuurloop bo ons kop,
ons sal dambord speel op die agterstoep
– ouvader kul –
en oor die radio
luister na die nag se nuus

vriende, medesterwendes,
moenie huiwer nie; nou hang die lewe
nog soos vlees om ons lywe
maar die dood beskaam nie;

ons kom en ons gaan
is soos die water uit die kraan so
soos klanke uit die mond
soos ons kom en ons gaan:
ons béne sal die vryheid kén –
kom saam

in my sterf in in my na my vader gaan
Wellington toe waar die engele
met wurms vet sterre uit die hemel hengel;
laat ons sterf en vergaan en vrolik wees:
mý vader het 'n groot bôrdienghuis

*Breyten Breytenbach*

"A generous heart, kind speech, and a life of service and compassion are the things which renew humanity."
— Buddha

"When I was young I asked more of people than they could give: everlasting friendship, endless feeling.
Now I know to ask less of them than they can give: a straightforward companionship. And their feelings, their friendship, their generous actions seem in my eyes to be wholly miraculous: a consequence of grace alone."
— Albert Camus, The First Man

"All the great things are simple, and many can be expressed in a single word: freedom, justice, honor, duty, mercy, hope"
— Winston Churchill

"True human goodness, in all its purity and freedom, can come to the fore only when its recipient has no power. Mankind's true moral test, its fundamental test (which is deeply buried from view), consists of its attitude towards those who are at its mercy: animals."
— Milan Kundera, The Unbearable Lightness of Being

## Kan kerke iets doen om brose tieners te help?

*Christina Landman*

Ons is 'n gemeente in die peri-stad – daar waar ons altyd van townships gepraat het. Die mense hier praat Afrikaans. Die grootste gedeelte van die gemeente bestaan uit "sterk gesinne". Daar is 'n pa en 'n ma met 'n sterk arm om hul kinders.

Maar ons weet almal dat 'n sterk gesin dikwels nie meer 'n tiener veilig kan hou nie. Daar is te veel faksies en faktore wat hul oog op 'n tiener het. Daar is geld uit tieners te maak.

So besluit ons toe laas Sondag om in groepe oor die vraag te praat: Wie se skuld is dit dat tieners in drinkplekke is? Is dit die ouers wat nalatig of afwesig is? Wanneer moet 'n tiener verantwoordelikheid vir sy eie lewe neem?

Eers praat die jeug, wat by ons tussen 15 en 22 is. Hulle sê hulle wil hul eie besluite neem. Maar snaaks genoeg voel hulle veiliger as ma en pa inmeng en besluit waarheen hulle mag gaan of nie. Aan die ander kant besef ma en pa ook nie hoe swaar dit is om 'n goodie two shoes te wees as die meeste kinders om jou dwelms gebruik, drink en dink jy is boring nie, sê hulle. Tog kan hulle sien hoe gerookte en gedrinkte tieners hul lewe opmors. Party van ons jeuggroep vertel hoe hulle al van agt of nege jaar oud moes keuses maak oor hul lewe. Toe die ma dood en die pa weg was. Of andersom.

Die ouers vorm ook 'n groep. Maar ons is dan goeie ouers, sê hulle. Wat het ons verkeerd gedoen? Hoe het my tiener dwelms begin gebruik? Hoekom kom my kind wat altyd saam met ons kerk toe gegaan het, nou dronk by die huis aan? Daar sit my tiener wat laasjaar in die kerk aangeneem is en pyp rook langs die straat.

Regoor die pastorie is 'n sjebien. Naweekaande word die strate self 'n reusagtige sjebien, of moet ek sê 'n opelug-taverne? Tieners kom daar aan uit baie gegoede buurte met pa se miljoen-rand-kar. Of hulle kom met taxi's. Hier in die peri-stad gaan die polisie hulle nie kom hinder nie, glo hulle. Hier kan hulle drink, rook en vry.

Die taxi verkoop ook drank en dwelms. Uit motors se oop deure laat luidsprekers geboue dril. Die kerk dril. Die pastorie dril. Drie-uur in die oggend hoor ek nog kinders jil en gil – tieners en kinders en ouers self. Gelukkig is net 'n paar gemeentelede.

Soms stap ek uit om te gaan praat. Ek sien kinders jonger as tien pyp rook. 'n Tienertjie hardloop om sy ma te gaan waarsku die engel Gabriël is op pad, daar waar die ma gerook en gedrink sit. Maar ek kry niks reg nie, behalwe om 'n paar onheilswoorde by my woordeskat te voeg wat 'n dominee nie mag gebruik nie.

Ek vra toe maar vir ons jeug: Wat kan die kerk doen om te help? Kan ons die munisipaliteit vra vir sportgeriewe? Kan ons die grond agter die kerk laat plavei vir vlugbal of tafeltennis?

Nee, sê die jeug. Hulle is geduldig om outydse idees reg te help. 'n Ander kerk daar naby, sê hulle, hou gaming evenings. Daai aande kan die jeug kom om elektroniese speletjies te speel en mekaar te leer ken. Die kerk gee plek en hardeware (en sagteware). Jong mense stroom glo soontoe. Dis wat die kerk moet doen, sê ons jeug.

Sal die kerk die jeug só veilig kan hou van dwelms en drank, van beroof, vergas en ingesluk word? Ek wonder maar net. Dis nie maklik om vandag 'n tiener te wees nie. En ook nie 'n tiener se ouer nie.

** Landman is 'n professor in teologie verbonde aan Unisa.*

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/christina-landman-kan-kerke-iets-doen-om-brose-tieners-te-help-20220706

## Brood vir die pad

### Moenie wag op groot gebeure, verbéél jouself

*Wilhelm Jordaan*

Mense sê gereeld die een of ander gebeurtenis gryp die verbeelding aan – soos nou met die James Webb-teleskoop se beelde van 'n wegstrekkende steeds ontwykende kosmos. Dit klink so vanselfsprekend, maar wat is die ding wat ons verbeelding noem?

Ek vra dit, want dit lyk soms of mense se verbeelding eintlik passief is en net geprik word deur skouspelagtige, asemrowende gebeure óm jou eerder as iets wat ín jou plaasvind; iets wat jy in die binneruimtes van jou gees laat gebeur.

Miskien help die digter D.J. Opperman ons om die bedrywigheid, die besigwees van 'n aktiewe verbeelding te verstaan: "Ek gee my daeliks aan die skepping oor, / soos in 'n bus op pad na die kantoor, / ek, in 'n spel van vereenselwiging, / plakkaat word, perd, visjong en die sering . . ."

Dié soort verbeelding oor oënskynlik geringe dinge gebeur spontaan by kindertjies. Soos wanneer 'n sewejarige sinnetjies moet skryf met woorde wat "u"- en "i"-klanke bevat: "God wys nooit 'n vuis; God wuif vir my; God eet uie."

Ten minste sal sommige volwassenes dit verstaan as die wonderwêreld van 'n kind se verbeelding: Om God konkreet tuis te maak in die allergewoonste dinge – dat Hy so naby is soos handskrif en meeklink in die kleinste klankgrepe van die taal. Daar is wel diegene wat "nee" sê vir dié soort verbeelding: "Dis alles fraai ja, maar die kind móét leer God is nie so nie."

In Frederik van Eeden se roman De kleine Johannes word verbeelding, die verlies daarvan as volwassene én die latere terugvind daarvan beeldryk beskryf: Windekind is die jong kind wat vertrouend deur velde vol blomme hardloop; na die wind luister en met feetjies gesels. Algaande word Windekind deel van die groter weetwêreld; om oor alles vrae te vra en dinge te ontleed – soos Wistik en Pluizer dit doen. En in die meisie Robinetta vind hy sy jeugliefde. Dan kom dr. Cijfer by wat aan alles wat bedink kan word, die eis van wetenskaplike verantwoording stel. En op die agtergrond die altyd luierende Dood.

Wanneer Johannes 'n volwasse jong man is, word al dié dinge vir hom saamgevoeg in die vraag: Wat gee beslag aan jou lewe – die dromende verbeelding, die rede of die liefde?

Eintlik al drie en só word Windekind, Wistik, Pluizer, Robinetta en dr. Cijfer saamgebring tot blywende, vervlegte bestanddele van menswees.

In sy boek The Poetic Structure of the World beskryf Fernand Hallyn hoe die wiskundige Nicolaus Copernicus en die sterrekundige Johannes Kepler se wetenskaplike werk voorafgegaan en gedra is deur verbeelde moontlikhede; deur "poëtiese intuïsie". Dit geld byvoorbeeld ook die sterrekundige Galileo Gallilei en die wetenskaplike Michael Faraday se ontdekkings.

Skeppende verbeelding, as " 'n spel van vereenselwiging" met alles wat is, is nie net vir digters, skrywers, kunstenaars en wetenskaplikes bedoel nie. Dit geld alle mense mits jy bereid is om jou oop te stel vir dit wat nuut, anders, ongewoon, selfs onthutsend is. Dán skep jy vir jouself nuwe moontlikhede, nuwe wêrelde waar jy ánders kyk en ánders sien . . .

** Jordaan is 'n emeritus professor in sielkunde.*

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/wilhelm-jordaan-moenie-wag-op-groot-gebeure-verbeel-jouself-20220803

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877